**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 19 FEBRUARIE 2025 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdd J M de Beer om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Dat kennis geneem word van die verskoning ontvang vanaf die Direkteur: Finansiële Dienste.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 JANUARIE 2025**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Januarie 2025 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende toevoeging:

ITEM 7.2: STATUS QUO EN WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK 2023-2027 (15/1/4/1)
[toevoeging van paragraaf (e)]

(e) Dat die wysiging insluit die proses van verwydering van die "restructuring zones" 4 en 5, Malmesbury vir toekomstige institusionele gebruiksaanwending.

5./...

## 5. OORWEGING VAN AANBEVELING UIT DIE NOTULES

### 5.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 12 FEBRUARIE 2025

#### 5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

‘n Bespreking volg aangaande die opgradering van die Riverlands Sportgronde om dit speelbaar te maak vir die rugby seisoen wat reeds ‘n aanvang geneem het.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat daar drie amptenare toegewys is aan die Riverlands Sportgronde vir die opruim van die klippe wat vanaf die treinspoor op die terrein gespoel het. Daar is egter nie fondse beskikbaar om die sportgronde op te gradeer met ‘n gras speelveld nie.

Rdl A K Warnick noem dat die Riverlands-rugbyklub, die *Young Eagles*, dus nie enige wedstryde op hul tuisveld sal kan speel nie en dit koste implikasies vir die klub inhou en dat daar oorweging gegee moet word om die klub vry te stel van enige gelde vir die gebruik van alternatiewe sportgronde.

Rdl A K Warnick noem verder dat die meeste wedstryde van die *Young Eagles* op die Kalbaskraal Sportgronde sal plaasvind en dat ondersoek ingestel sal moet word of lg. beide klubs se wedstryde sal kan akkommodeer.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die fokus na die ramp is om alle basiese dienste te herstel. Daar is reeds gesprekvoering met die regering om, wanneer daar owerhede is wat nie in staat is om toekennings te spandeer nie, die fondse aan Swartland Munisipaliteit te herallokeer, aangesien daar projekte gereed is om geïmplementeer te word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig;

(b) Dat, met in ag neming van die toestand van die Riverlands Sportgronde na afloop van die ramp en die herstel daarvan, die *Young Eagles* kwytgeskeld word van die betaling van die tarief vir die gebruik van enige ander munisipale sportgronde.

#### 5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2024/2025 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (4/2/2)

Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) bepaal dat die SDBIP oorweeg en, indien nodig, gewysig moet word na goedkeuring van 'n aansuiweringsbegroting.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die SDBIP gewysig is ooreenkomstig die 2024/2025 Aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting soos goedgekeur deur die Raad op 30 Januarie 2025 ten einde te verseker dat die Munisipaliteit se goedgekeurde begroting ooreenkomstig die SDBIP geïmplementeer word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2024/2025 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

### 7.2 VERLENGING VAN AMNESTIETYDPERK VIR OORWEGING VAN AMNESTIE VIR ONWETTIGE BOUWERKE: SWARTLAND MUNISIPALITEIT (15/4/1)

Die toestaan van amnestie vir die inhandiging van bouplanne ten opsigte van onwettige bouwerk is 'n poging deur Swartland Munisipaliteit om aan eienaars geleentheid te gee om hul eiendomme in terme van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde Wet, Wet 103 van 1977 in orde te kry, sonder die heffing van addisionele gelde.

Die frekwensie van deelname aan die amnestie inisiatief tot en met die sperdatum van 15 Februarie 2025 was baie laag. Daar is egter 'n aanduiding ontvang vanaf argitekte en boutekenaars dat ongeveer veertig(40) versoeke ontvang is vir hulp met bouplanne vir onwettige bouwerk.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat 'n verdere amnestieperiode ten einde bouplanne vir oorweging en goedkeuring in te dien vanaf 20 Februarie 2025 tot 29 Augustus 2025 toegestaan word;

(b) Dat alle eienaars van grond en geboue waar bouwerke sonder die nodige goedkeuring plaasgevind het, aangemoedig word om sodanige bouplanne vir oorweging en goedkeuring in te dien;

(c) Dat geen addisionele fooie van toepassing sal wees, indien die bouplanaansoek wel binne die amnestie periode ontvang word nie;

(d) Dat die uitnodiging om bouplanne in te dien in al 3 tale van die Wes-Kaap en op verskillende platforms bekend gemaak sal word;

(e) Dat na verstryking van die amnestieperiode die gepaste prosesse/prosedure in terme van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde Wet 103 van 1977 gevolg word.

### 7.3 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: SOSIALE HERLEWINGSTRATEGIE (17/2/B)

Die Swartland munisipale gebied, soos baie ander gebiede, ervaar uitdagings met sosio-ekonomiese ongelykheid, jeugwerkloosheid, maatskaplike euwels ens. Die Sosiale Herlewingstrategie poog om hierdie kwessies aan te spreek in die bevordering van sosiale samehorigheid, ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling in samewerking met verskeie rolspelers.

Die strategie sal op vyf inisiatiewe fokus, naamlik:

(1) Vroeë Kinderontwikkeling / Dissipline begin by die huis
(2) Misbruik van dwelms/alkohol

(3) Geslaggebaseerde geweld
(4) SMME-ontwikkeling
(5) Jeugontwikkeling

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die aangehegte Sosiale Herlewingstrategie goedgekeur word.

**7.4 BEHUISING AKKREDITASIE (17/4/2/B)**

Die akkreditasie van munisipaliteite vir die implementering van sekere behuisingsprogramme is tydens 'n SALGA Werkgroep op 17 Oktober 2022 bespreek.

Akkreditasie is ingestel as ‘n instrument om munisipaliteite te kapasiteer om behuisingsprogramme ingevolge gedelegeerde bevoegdheid te administreer.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bevestig dat akkreditasie nie op hierdie stadium oorweeg word nie, aangesien voldoende ondersteuning vanaf die Provinsiale Departement van Infrastruktuur ontvang word om behuisingsprogramme suksesvol uit te voer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word van die resolusie van SALGA ten opsigte van Behuising Akkreditasie;

(b) Dat Behuising Akkreditasie nie op hierdie stadium oorweeg word nie, in die lig van die feit dat die Provinsiale Departement van Infrastruktuur (Menslike Nedersettings) tans voldoende ondersteuning bied vir die lewering van behuising in die Swartland munisipale gebied;

(c) Dat die Munisipaliteit deurlopend die voor- en nadele van Behuising Akkreditasie ondersoek vir heroorweging daarvan in die toekoms.

**7.5 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN DIE KRAALTJIE (ERF 470), KALBASKRAAL (17/2/2)**

**BESLUIT**

Dat die verslag, op versoek van die Munisipale Bestuurder, onttrek word in afwagting op die bou van die Kalbaskraal Sosio-Ekonomiese Fasiliteit.

**7.6 VOORGESTELDE VERHURING VAN SPASIE OM TE GEBRUIK AS 'N INLIGTINGS, KOMMUNIKASIE EN TEGNOLOGIE-SENTRUM BY ILINGE LETHU THUSONG SENTRUM, GELEë OP 'N GEDEELTE VAN ERF 7456, MALMESBURY (12/1/3/1-8/1)**

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat die Weskaapse Regering die *WCG Cape Access programme and Library Business Corners* inisiatief al vir ‘n geruime tyd bedryf in die vorm van IKT-sentrums. Die IKT-sentrums gee toegang aan die publiek tot rekenaars, die internet, ens. vir navorsing, skoolprojekte, die tik van dokumente, ens.

‘n Versoek is ontvang om ‘n gedeelte van die Ilinge Lethu Thusong Sentrum (groot 22 m²) vir ‘n verdere termyn van drie jaar vanaf die Raad te huur vir die bedryf van ‘n IKT-sentrum.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die voorgestelde hernuwing van die verhuring van spasie by die Ilinge Lethu Thusong Centre, geleë op 'n gedeelte van Erf 7456 Malmesbury, ongeveer 22m$^2$ groot, aan Library Business Corners, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:

7.6(a)/…

(i) Dat die verhuring vir ‘n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 1 April 2025 tot 31 Maart 2028;

(ii) Dat ‘n maandelikse huur van R2 334,37 (10% eskalasie per jaar, jaarliks op 1 April), (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees;

(iii) Dat die verhuurde spasie slegs aangewend word as ‘n IKT sentrum en vir geen ander doel;

(b) Dat, ingevolge paragraaf 13.1.1 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid, die verhuring van die spasie deur middel van direkte onderhandelinge plaasvind as gevolg van die huurder wat vanaf 2014 ‘n historiese eiendomsreg verleen was deur die Munisipaliteit en alle verantwoordelikhede en verpligtinge in terme van die huurooreenkoms nagekom het.

**7.7 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2025 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Januarie 2025.

**7.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Januarie 2025 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: HERSTEL VAN DROMSKERM BY DIE INLAATWERKE VAN DIE MOORREESBURG WWTW (8/1/B/2)**

Die inlaatwerke by die Moorreesburg WWTW is, onder andere, toegerus met ‘n dromskerm wat keer dat nie-afbreekbare items in die suiweringswerke beland wat die meganiese toerusting kan beskadig.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, op navraag van rdh T van Essen, bevestig dat die toerusting nie meer onder waarborg is nie.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die dromskerm by die Moorreesburg WWTW deur G W Trautmann ten bedrae van R70 072.19 (BTW uitgesluit)

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:

(i) Die dromskerm sou vir ‘n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;

(ii) Voormelde sou aanleiding gee tot beskadiging van meganiese toerusting;

(iii) Die herstel van die dromskerm is dus as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe van R70 072.19 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/239-677-425 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e)/...

7.9/...

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK VAN DOMPELPOMP NO 2 BY DIE ESTERHOF RIOOLPOMPSTASIE, RIEBEEK KASTEEL (8/1/B/2)**

Die rioolpompstasie in Riebeek Kasteel versamel en vervoer rou riool vanaf die residensiële areas van Riebeek Kasteel en Riebeek-Wes na die Riebeek Kasteel WWTW. Die pompstasie is toegerus met twee pompstelle. Een van die pompe het meganies gefaal wat tot die gereelde oorloop van rou riool by die pompstasie gelei het.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die dompelpomp by die Esterhof Rioolpompstasie deur CAW ten bedrae van R50 950.00 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die dompelpomp sou vir ‘n geruimte tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
   (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot oorstromings by die pompstasie en ‘n onderbreking in die lewering van riooldienste;
   (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R50 950.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: VANG EN VRYLAAT VAN VOLSTRUISE TE YZERFONTEIN (8/1/B/2)**

Die vry lopende volstruise in Yzerfontein-dorp hou ‘n bedreiging in vir die inwoners en padgebruikers. Die volstruise is aggressief en daar is ‘n groei in die aantal voëls en daarom was dit nodig om ‘n diensverskaffer aan te stel vir die vang en vrylaat van die volstruise.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die kwotasie van West Industries (Pty) Ltd ten bedrae van R27 120.00 (BTW ingesluit) goed te keur vir die vang en vrylaat van volstruise in Yzerfontein;

(c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die vang en vrylaat van die volstruise is as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R27 120.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/233-1076-1022 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e)/…

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.12 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULD: JANUARIE 2025 (5/7/3)**

Die Munisipaliteit het 'n verantwoordelikheid op grond van die rekenkundige raamwerk en *General Recognised Accounting Practice* (GRAP) om uitstaande bedrae wat nie ontvang sal word nie te oorweeg vir afskrywing, veral in die geval van geregistreerde deernis-huishoudings.

Die aangehegte skedules toon die uitstaande bedrae wat as oninvorderbaar geklassifiseer word, naamlik

- Skedule A – afskryfbaar ten opsigte van deernishoudings = R6 401 715.41
- Skedule B – afskryfbaar ten opsigte van uitstaande debiteure = R2 947 276.82.

Alle pogings is aangewend om die gelde in te vorder vanaf uitstaande debiteure, maar daar is gevalle waar rekeninghouers oorlede is, of nie opgespoor kon word nie of nie oor die finansiële vermoë beskik om enige betalings te maak nie.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R6 401 715.41** en opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R2 947 276.82** ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;

(c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(d) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die UBK gemaak was, weer tydens die volgende Uitvoerende Burgemeestersrkomiteevergadering voorgelê sal word;

7.12/…

(h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(i) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installeering van ‘n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;

(j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal;

(k) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van toekomstige pogings om aansluitings te beperk in ‘n poging om verbruikers te dwing om die nodige dienste aansluitings te kom teken.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**